



LANGEBERG MUNISIPALITEIT BEVESTIG DPMO KLOPJAG BY KANTORE, VERWELKOM ONDERSOEK

Op Donderdag, 7 Junie 2018, het die Direkoraat vir Prioriteit-Misdaadsondersoeke (DPMO), in samewerking met Misdaad-Intelligensie, 'n klopjag-operasie by verskeie kantore van die Langeberg Munisipaliteit sowel as by privaat wonings van sommige munisipale beamptes geloods. Dit volg op bewerings van bedrog, korrupsie en geldwassery. Die wonings van verskeie beamptes en raadslede is deursoek. Verskeie dokumente en elektroniese kommunikasie-toestelle is op beslaggelê. Geen arrestasies is gemaak nie en in die wete van Langeberg Munisipaliteit is geen klagte/ teen enige beampte wie se kantoor of woning deursoek is, gelê nie.

Talle bewerings wat gemaak is en deur die DPMO ondersoek word, is reeds intern ondersoek en in sommige gevalle deur dissiplinêre prosedures voort. In sodanige gevalle waar dissiplinêre prosedures afgehandel is, is beamptes - sommige in senior posisies binne die administrasie - reeds ontslaan. Ons is verbind tot goeie regeringsbestuur en om gesonde finansiële bestuur te verseker en verwelkom dus die ondersoek deur DPMO. Ons beloof volle samewerking aangesien hierdie eksterne ondersoek noodsaaklik is om vertroue in ons administrasie te herstel.

Die Langeberg Munisipaliteit het onlangs sy sesde agtereenvolgende skoon oudit ontvang. Dit is hierdie uitsonderlike rekord en prestasie waarop ons trots is en wat steeds jaloers beskerm en verdedig sal word deur alle gevalle of bewerings van korrupsie en wanbestuur aan te spreek. Ons sal voortgaan om op ons vennote en kliënte te steun om enige vedagte of onetiese optrede deur munisipale beamptes aan te meld.

UITGEREIK DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER, LANGEBERG MUNISIPALITEIT

Vir meer inligting en/of kommentaar oor hierdie kwessie, kontak asseblief die Munisipale Bestuurder, Mnr. Soyisile Mokweni by +27 23 615 8001